Dinsdag **12 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 7:1-16**

**Fokusgedeelte: Genesis 7:16b (AFR83)**

**God bewaar sy begenadigdes te midde van sy oordeel oor die sonde**

Noag bou gehoorsaam vir 120 jaar die ark en getuig van God se komende oordeel oor die ongeregtigheid van die mens, en oor sy genade wat hy en sy gesin ontvang het. Die Here gee opdrag aan Noag om die ark in te gaan en om van al die rein diere sewe pare in te neem, en van die onrein diere een paar.

God wil die ongeregtigheid van die mens en sy sonde straf en oordeel, maar in sy oordeel wil Hy ook ’n nuwe lewensmoontlikheid vir die mens skep om in gemeenskap met Hom die aarde te bewerk en te bewaak. Hy hou die lewe in stand en begenadig Noag. Noag bou die ark eerbiedig gehoorsaam en getuig van God se oordeel en redding.

Die Here nooi Noag die ark binne sodat Hy hulle bewaar te midde van sy oordeel. Hy red deur hulle in die ark toe te sluit en waarsku dat oor sewe dae die vloed sal begin. In sy liefde bewaar Hy ook die diere in die ark en skenk ’n nuwe lewensmoontlikheid.

Vers 13-16 is ’n samevatting van die ingaan in die ark, en sluit af: *En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit*. Hy bewaar en beskerm sy uitverkore begenadigde kinders teen die oordeel en storms deur die ark met sorg te sluit. Dit word simbool van die bewaring van die gelowiges in Jesus Christus se volmaakte soendood en opstanding (vgl. 1 Pet. 3:20, 21).

Glo in Jesus Christus en weet dat God jou toesluit in Christus te midde van sy oordeel oor die sonde en ongeregtigheid. Sien met verlange uit na die wederkoms en eindoordeel omdat jy in Christus geheilig is en vrygespreek is van jou sonde.

*Sing: Psalm 91-1:5*

*Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*